



# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA GOVERNMENT GAZETTE

## STAATSKOERANT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 30c BUITELANDS  
POST FREE · POSVRY

As 'n Nuisblad by die Poskantoor Geregistreer

VOL. 167]

PRETORIA, 11 MAY 1979  
MEI

[No. 6443

### GENERAL NOTICE

#### DEPARTMENT OF TOURISM

#### NOTICE 346 OF 1979

#### DRAFT HOTEL BOARD REGULATIONS, 19

The following draft regulations to substitute the existing regulations made by die Minister in terms of section 34 of the Hotels Act, 1965, are published for general information.

Any person desiring to furnish comments on the contents thereof may do so in writing to the Director of the Hotel Board, P.O. Box 26500, Arcadia, 0007, within 30 days from the date hereof.

#### SCHEDULE

#### HOTEL BOARD.—REGULATIONS MADE UNDER THE HOTELS ACT, 1965

#### *Interpretation of terms*

1. In these regulations and in the forms contained in the annexures hereto, unless the context otherwise indicates—

(i) "bed" means an item of furniture designed and ordinarily intended for sleeping purposes by a guest: Provided that for purposes of this definition a single bed shall have a width of not more than 1 200 mm and a double bed (regarded as two beds) shall have a width of not less than 1 201 mm; (i)

(ii) "bedroom" means a room with or without a bathroom intended primarily for sleeping purposes by one or more guests and includes—

(a) any portion separated by means of a low wall or curtain or some other means; and

(b) two or more interleading or adjoining rooms, with a common entrance, for use as a unit; (xiii)

(iii) "bedroom with bathroom" means a unit comprising a bedroom and bathroom with toilet facilities; (xiv)

(iv) "bedroom with shower" means a unit comprising a bedroom and shower with toilet facilities; (xv)

(v) "director" means the chief executive officer of the board; (iii)

### ALGEMENE KENNISGEWING

#### DEPARTEMENT VAN TOERISME

#### KENNISGEWING 346 VAN 1979

#### KONSEP HOTELRAADREGULASIES, 19

Die volgende konsep regulasies om die bestaande regulasies uitgevaardig deur die Minister ingevolge artikel 34 van die Wet op Hotelle, 1965, te vervang, word vir algemene inligting gepubliseer.

Enige persoon wat daarop kommentaar wil lewer moet dit skriftelik rig aan die Direkteur van die Hotelraad, Posbus 26500, Arcadia, 0007, binne 30 dae na datum hiervan.

#### BYLAE

#### HOTELRAAD.—REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP HOTELLE, 1965

#### *Uitleg van uitdrukkings*

1. In hierdie regulasies en in die vorms vervat in die aanhangsel daarvan, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "bed" 'n meubelstuk wat ontwerp is, en in die reël deur 'n gas gebruik word, om op te slaap: Met dien verstande dat vir die doel van hierdie omskrywing die wydte van 'n enkelbed nie meer as 1 200 mm en die wydte van 'n dubbelbed (beskou as twee beddens) nie minder as 1 201 mm moet wees nie; (i)

(ii) "die Wet" die Wet op Hotelle, 1965 (Wet 70 van 1965, soos gewysig); (xvi)

(iii) "direkteur" die hoof-uitvoerende beampte van die raad; (v)

(iv) "gas" 'n permanente inwoner of 'n toeris; (viii)

(v) "gewone slaapkamer" 'n slaapkamer sonder 'n badkamer/stort en toiletgeriewe; (x)

(vi) "gradering" wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word, 'n graad deur die raad bepaal ingevolge artikel 15 van die Wet en wanneer dit as 'n werkwoord gebruik word, beteken dit die toekenning van sodanige graad; (vi)

(vii) "groepering" wanneer dit as 'n selfstandige naamwoord gebruik word, 'n groep deur die raad bepaal ingevolge artikel 15 van die Wet en wanneer dit as 'n werkwoord gebruik word, beteken dit plasing in sodanige groep; (vii)

(vi) "grade" when used as a noun means a grade determined by the board in terms of section 15 of the Act and when used as a verb means allotting such a grade; (vi)

(vii) "group" when used as a noun means a group determined by the board in terms of section 15 of the Act and when used as a verb means the act of placing into such a group; (vii)

(viii) "guest" means a permanent resident or a tourist; (iv)

(ix) "leivable bedroom" means a bedroom or any other room intended for sleeping purposes by one or more guests and in this definition—

"single room" means a room with one bed;

"double room" means a room with two beds; and

"family room" means a room with three or more beds; (viii)

(x) "ordinary bedroom" means a bedroom without a bathroom/shower and toilet facilities; (v)

(xi) "permanent function room" means a room which is restricted to the use of public or private functions; (x)

(xii) "permanent resident" means a guest, including a child, who resides at a particular hotel for a period in excess of 45 consecutive days; (xi)

(xiii) "person who conducts the hotel business" means the owner of the hotel business who conducts or allows the hotel business to be conducted for purposes of gain; (xii)

(xiv) "reception office service" means the checking in and out of guests and includes the handling of guests' registration, information regarding room allocations, arranging of baggage service, finalisation of guests' accounts and other departure procedures; (ix)

(xv) "suite" means a set of rooms comprising a permanent lounge, bedroom, bathroom and toilet facilities intended for use as a unit; (xvi)

(xvi) "the Act" means the Hotels Act, 1965 (Act 70 of 1965), as amended; (ii)

(xvii) "tourist" means a guest, including a child, who stays at a particular hotel for a period of not more than 45 consecutive days; (xvii)

and a word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear that meaning.

#### *Meetings of the board*

2.1 All meetings of the board shall take place in camera and, subject to the provisions of section 22 (2) and 24 of the Act, no person shall be entitled to appear before the board either personally or by counsel or an attorney.

2.2 The board determines the procedure at its meetings.

#### *Special disqualification of members of the board*

3. No member of the board shall be present at the consideration of any registration, cancellation of registration, grading or regrading if he or his spouse or child—

(a) is the owner, mortgagee, mortgagor, lessor or lessee of the building in which the accommodation establishment is situated or of the business conducted therein at the time the board considers such registration, cancellation of registration, grading or regrading;

(b) is the partner, agent or employee of an applicant applying for registration, cancellation of registration, grading or regrading;

(viii) "hefbare slaapkamer" 'n slaapkamer of enige ander kamer bedoel vir slaapdoeleindes deur een of meer gaste en in hierdie omskrywing beteken—

"enkelkamer" 'n kamer met een bed;

"dubbelkamer" 'n kamer met twee beddens; en

"gesinskamer" 'n kamer met drie of meer beddens; (ix)

(ix) "ontvangskantoordiens" die in- en afteken van gaste met inbegrip van hantering van gasteregistrasie, verskaf van inligting oor kamertoewysings, reëling van bagasiediens, die finalisering van gaste se rekenings en ander vertrekprosedures; (xiv)

(x) "permanente funksiekamer" 'n kamer beperk tot gebruik vir openbare of privaatfunksies; (xi)

(xi) "permanente inwoner" 'n gas, met inbegrip van 'n kind, wat vir 'n tydperk van meer as 45 agtereenvolgende dae by 'n bepaalde hotel inwoon; (xii)

(xii) "persoon wat die hotelbesigheid dryf" die eienaar van die hotelbesigheid wat die hotel dryf of laat dryf vir wins; (xiii)

(xiii) "slaapkamer" 'n kamer met of sonder 'n badkamer wat hoofsaaklik vir slaapdoeleindes deur een of meer gaste bedoel is en sluit die volgende in:

(a) Enige gedeelte wat deur middel van 'n lae muur of gordyn of op 'n ander wyse afgeskort is; en

(b) twee of meer verbonde of aangrensende kamers met 'n gemeenskaplike ingang wat as 'n eenheid gebruik word; (ii)

(xiv) "slaapkamer met badkamer" 'n eenheid bestaande uit 'n slaapkamer en badkamer met toiletgeriewe; (iii)

(xv) "slaapkamer met stort" 'n eenheid bestaande uit 'n slaapkamer en stort met toiletgeriewe; (iv)

(xvi) "suite" 'n stel kamers bestaande uit 'n permanente sitkamer, slaapkamer, badkamer en toiletgeriewe bedoel vir gebruik as 'n eenheid; (xv)

(xvii) "toeris" 'n gas, met inbegrip van 'n kind, wat vir 'n aaneenlopende tydperk van nie meer as 45 dae by 'n bepaalde hotel inwoon; (xvii)

en het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis.

#### *Vergaderings van die raad*

2.1 Alle vergaderings van die raad moet in camera plaasvind en behoudens die bepalinge van artikels 22 (2) en 24 van die Wet, is niemand geregtig om, hetsy persoonlik of verteenwoordig deur 'n advokaat of prokureur, voor die raad te verskyn nie.

2.2 Die raad bepaal die prosedure by sy vergaderings.

#### *Spesiale onbevoegdheid van lede van die raad*

3. Geen lid van die raad mag teenwoordig wees by die oorweging van enige registrasie, intrekking van registrasie, gradering of hergradering nie indien hy of sy eggenote of kind—

(a) 'n eienaar, verbandgewer, verbandnemer, verhuurder of huurder is van die gebou waarin die huisvestingsinrigting geleë is of van die besigheid daarin gedryf ten tye van die raad se oorweging van sodanige registrasie, intrekking van registrasie, gradering of hergradering;

(b) 'n vennoot, agent of werknemer is van 'n aansoeker wat aansoek doen om die registrasie, intrekking van registrasie, gradering of hergradering;

(c) is a director, manager or other officer, employee or agent of any person who has a financial interest in the building in which the accommodation establishment is situated or in the business conducted therein at the time when the board considers such registration, cancellation of registration, grading or regrading; or

(d) has any financial interest in the building in which the accommodation establishment is situated or in the business conducted therein at the time the board considers such registration, cancellation of registration, grading or regrading.

Times for the consideration of registration, cancellation of registration, grading, regrading and review of decision.

4. Unless otherwise directed by the chairman of the board, the board shall meet during February, May, August and November of each year for the consideration of—

- (a) application for registration of an accommodation establishment as an hotel;
- (b) the cancellation of registration of an hotel;
- (c) the grading of an hotel;
- (d) the regrading of an hotel; and
- (e) request for a review of a decision of the board.

#### *Application for registration as an hotel*

5. Any person applying for registration in terms of section 14 of the Act shall do so in writing, in duplicate, to the director in the form of Form HR 1 contained in the annexure and such application shall be accompanied by the fee prescribed in regulation 20 (a): Provided that, unless otherwise agreed to by the board, no application for the registration of an hotel of which the registration was cancelled by the board in terms of section 20 of the Act shall be considered if such application is made within a period of 12 months after cancellation of registration.

#### *Register of hotels*

6. The register referred to in section 13 of the Act shall be in the form of Form HR 3 contained in the annexure.

#### *Certificate of registration of hotel*

7. When an accommodation establishment is registered as an hotel the director shall issue to the hotelier a certificate in the form of Form HR 2 contained in the annexure.

#### *Insignia*

8.1 The insignia for the various grades of hotels, determined under section 15 (1) of the Act, shall be as follows:

Grade	Insignia
One-star.....	★
Two-star.....	★★
Three-star.....	★★★
Four-star.....	★★★★
Five-star.....	★★★★★

8.2 The insignia for the two groups of hotels, determined under section 15 (1) of the Act, shall be as follows:

Group	Insignia
Tourist.....	T
Residential.....	R

(c) 'n direkteur, bestuurder of ander beampte, werknemer of agent is van iemand wat 'n geldelike belang het by die gebou waarin die huisvestingsinrigting geleë is of in die besigheid daarin gedryf ten tye van die raad se oorweging van sodanige registrasie, intrekking van registrasie, gradering of hergradering; of

(d) enige geldelike belang het by die gebou waarin die huisvestingsinrigting geleë is of in die besigheid daarin gedryf ten tye van die raad se oorweging van sodanige registrasie, intrekking van registrasie, gradering of hergradering.

Tye vir die oorweging van registrasie, intrekking van registrasie, gradering, hergradering en heroorweging van 'n besluit.

4. Tensy anders deur die voorsitter van die raad bepaal, moet die raad byeenkom gedurende Februarie, Mei, Augustus en November van elke jaar vir oorweging van—

- (a) aansoek om registrasie van 'n huisvestingsinrigting as 'n hotel;
- (b) intrekking van die registrasie van 'n hotel;
- (c) gradering van 'n hotel;
- (d) hergradering van 'n hotel; en
- (e) aansoek om heroorweging van 'n besluit van die raad.

#### *Aansoek om registrasie as 'n hotel*

5. Iemand wat aansoek doen om registrasie ingevolge artikel 14 van die Wet, moet sodanige aansoek skriftelik, in tweevoud, aan die direkteur rig in die vorm van Vorm HR 1 vervat in die aanhangsel en die aansoek moet vergesel wees van die gelde voorgeskryf in regulasie 20 (a): Met dien verstande dat, behalwe as die raad anders sou besluit, geen aansoek vir die registrasie van 'n hotel waarvan die registrasie ingevolge artikel 20 van die Wet deur die raad ingetrek is, oorweeg sal word nie as so 'n aansoek om registrasie gedoen word binne 12 maande nadat die registrasie ingetrek is.

#### *Register van hotelle*

6. Die register vermeld in artikel 13 van die Wet moet in die vorm van Vorm HR 3 vervat in die aanhangsel wees.

#### *Sertifikaat van registrasie van hotel*

7. Wanneer 'n huisvestingsinrigting as 'n hotel geregistreer word, moet die direkteur aan die hotelier 'n sertifikaat in die vorm van Vorm HR 2 vervat in die aanhangsel, uitreik.

#### *Onderskeidingstekens*

8.1 Die onderskeidingstekens vir die verskillende grade hotelle, soos bepaal ingevolge artikel 15 (1) van die Wet, moet soos volg wees:

Graad	Onderskeidingstekens
Een-ster.....	★
Twee-ster.....	★★
Drie-ster.....	★★★
Vier-ster.....	★★★★
Vyf-ster.....	★★★★★

8.2 Die onderskeidingstekens vir die twee groepe hotelle soos bepaal ingevolge artikel 15 (1) van die Wet, moet soos volg wees:

Groep	Onderskeidingstekens
Toeris.....	T
Residensieel.....	R



8.3 In the case of an hotel in respect of which one or other of the on-consumption liquor licences mentioned in Column I below has been issued under the Liquor Act, the insignia prescribed in Column II below shall be used or displayed in conjunction with the insignia prescribed under regulations 8.1 and 8.2—

Column I	Column II
Hotel liquor licence.....	YYY
Wine and malt liquor licence.....	YY
Meal-time wine and malt licence.....	Y

#### *Plaque and display of insignia*

9.1 A plaque, which remains the property of the board, shall be used to display the insignia as prescribed in regulations 8.1, 8.2 and 8.3 in respect of an hotel that has been graded and grouped.

9.2 Within seven days of receipt of the plaque the hotelier shall cause it to be prominently displayed outside the hotel at or near the main entrance.

9.3 When the board approves a change in respect of the grading or grouping of an hotel, the director shall issue to the hotelier concerned a replacement metal strip bearing the new grading or grouping of the hotel, which the hotelier shall within a period of seven days from receipt thereof use to replace the previous grading or grouping on the plaque.

9.4 Upon receipt of a notice that the registration of an hotel is cancelled the hotelier, or in the event of there being no hotelier the person who conducts the hotel business, shall forthwith return the plaque to such address as determined by the director.

9.5 Within three months, or such extended period as the director may allow on written application, after an hotelier is notified that the hotel has been graded (or regraded) and grouped (or regrouped), he shall cause the insignia relating to that grade and group to be shown on all letterheads, advertising material and in any advertising used, issued or made by it or on its behalf relating to the accommodation, meals and services of such hotel: Provided that the board may grant exemption from the provisions of this regulation in respect of any advertising material if it is satisfied that it is impractical to indicate the insignia.

9.6 Within three months after an hotelier is notified of the grading and grouping of the hotel he shall cause a summary, furnished by the board, of the grading and grouping requirements applicable to such hotel to be available in each bedroom or at the reception office for the information of guests: Provided that if such summary is available at the reception office only a notice to this effect shall be posted in each bedroom.

#### *Application for regrading of hotel*

10.1 The hotelier of an hotel applying for the regrading of such hotel in terms of section 21 of the Act shall do so in writing, in duplicate, to the director in the form of Form HR 5 contained in the annexure, accompanied by the fee prescribed by regulation 20 (c).

10.2 Unless otherwise agreed to by the board no application for the regrading of an hotel in terms of section 21 of the Act shall be considered by the board if such application is made within a period of 12 months after the previous grading or regrading of such hotel.

8.3 In die geval van 'n hotel ten opsigte waarvan die een of ander binneverbruikdranklisensie genoem in onderstaande Kolom 1 uitgereik is ingevolge die Drankwet, moet die onderskeidingstekens voorgeskryf in onderstaande Kolom II tesame met die onderskeidingstekens voorgeskryf by regulasies 8.1 en 8.2 gebruik of vertoon word—

Kolom I	Kolom II
Hoteldranklisensie.....	YYY
Wyn-en-bierlisensie.....	YY
Maaltydwyn-en-bierlisensie.....	Y

#### *Plaket en die vertoning van onderskeidingstekens*

9.1 'n Plaket, wat die eiendom van die raad bly, moet gebruik word om die onderskeidingstekens voorgeskryf in regulasies 8.1, 8.2 en 8.3 ten opsigte van 'n hotel wat gegradeer en gegroepeer is, te vertoon.

9.2 Binne sewe dae na ontvangs van die plaket moet die hotelier dit op 'n opvallende plek buite die hotel by of naby die hoofingang laat vertoon.

9.3 Wanneer die raad 'n verandering ten opsigte van 'n hotel se gradering of groepering goedkeur, moet die direkteur 'n vervangingsmetaalstrokie wat die nuwe gradering of groepering van die hotel aandui uitreik, en die hotelier moet dit binne sewe dae na ontvangs gebruik om die vorige gradering of groepering op die plaket te vervang.

9.4 By ontvangs van 'n kennisgewing dat die registrasie van 'n hotel ingetrek is, moet die hotelier, of indien daar nie 'n hotelier is nie, die persoon wat die hotelbesigheid dryf, onmiddellik die plaket na sodanige adres as wat die direkteur bepaal, terugstuur.

9.5 Binne drie maande, of sodanige verlengde tydperk as wat die direkteur op skriftelike aansoek mag toestaan, nadat 'n hotelier in kennis gestel is dat die hotel gegradeer (of hergradeer) en gegroepeer (of hergroepeer) is, moet hy sorg dat die onderskeidingstekens wat van toepassing is op daardie graad en groep aangedui word op alle briefhoofde, reklamemateriaal en in enige advertensie wat ten opsigte van sodanige hotel met betrekking tot huisvesting, spyseniering en dienste van sodanige hotel gebruik of uitgereik word: Met dien verstande dat die raad vrystelling van die bepalings van hierdie regulasie kan oorweeg ten opsigte van enige reklamemateriaal indien die raad van mening is dat dit onprakties is om die onderskeidingstekens aan te dui.

9.6 Binne drie maande nadat 'n hotelier in kennis gestel is van die gradering en groepering van die hotel moet hy 'n opsomming, verstrekk deur die raad, van die graderings- en groeperingsvereistes van toepassing op daardie hotel in elke slaapkamer of by die ontvangskantoor vir die inligting van gaste beskikbaar stel: Met dien verstande dat indien sodanige opsomming slegs by die ontvangskantoor beskikbaar is 'n kennisgewing te dien effekte in elke slaapkamer aangebring moet word.

#### *Aansoek om hergradering van 'n hotel*

10.1 Die hotelier van 'n hotel wat aansoek doen om die hergradering van sodanige hotel ingevolge artikel 21 van die Wet moet sodanige aansoek skriftelik, in tweevoud, aan die direkteur rig in die vorm van Vorm HR 5 vervat in die aanhangsel tesame met die voorgeskrewe gelde ingevolge regulasie 20 (c).

10.2 Tensy die raad anders besluit sal geen aansoek om die hergradering van 'n hotel ingevolge artikel 21 van die Wet deur die raad oorweeg word nie indien sodanige aansoek gedoen word binne 'n tydperk van 12 maande na die raad se vorige gradering of hergradering van sodanige hotel.



10.3 When the board, after having considered the application and a report by one or more of its inspectors, is satisfied that a higher or lower grading is justified, it shall determine such higher or lower grading as the case may be and the director shall issue to the hotelier a new certificate of registration in the form of Form HR 2.

10.4 The hotelier shall, within seven days of receipt of the new certificate of registration return the previous one to the director.

#### *Request for review of a decision of the board*

11. Every request in terms of section 22 (1) of the Act for a review of a decision of the board shall be submitted to the director in writing, in duplicate, in the form of Form HR 6 contained in the annexure, accompanied by the fee prescribed by regulation 20 (d), within 30 days after the board's decision has been made known.

#### *Appeal to Minister*

12.1 Every person who appeals to the Minister under section 22 (3) of the Act against a decision which the board reviewed in terms of section 22 (1) shall, within 30 days after he is advised of such decision, lodge a written notice of appeal with the director, accompanied by the fee prescribed in regulation 20 (e), setting forth the grounds for such appeal.

12.2 As soon as possible after receipt of the notice of appeal referred to in regulation 12.1 the chairman of the board shall prepare a statement of the reasons for the board's decision for submission to the Minister together with all relevant documents.

12.3 The director shall notify the appellant in writing of the Minister's decision.

#### *Application for registration as hotelier*

13.1 Every application by the person who conducts the hotel business for the registration of an hotelier in terms of section 23 of the Act shall be submitted in writing, in duplicate, to the director in the form of Form HR 7 contained in the annexure, within a period of three months from the date of assumption of duty of such hotelier.

13.2 The director shall, upon the registration of a person as hotelier, issue to the person who conducts the hotel business a certificate of registration in the form of Form HR 8 contained in the annexure.

13.3 The hotelier's certificate of registration shall be available at the hotel for inspection at all times.

#### *Special disqualification of person as hotelier*

14. No person shall be registered as an hotelier if he—

- (a) is an unrehabilitated insolvent;
- (b) was convicted, within a period of five years prior to the date of application in terms of regulation 13.1, of an offence and sentenced to imprisonment for a period exceeding three months without the option of a fine;
- (c) was convicted, within a period of six months prior to the date of application in terms of regulation 13.1, of any offence under the Act or regulations, while being registered as an hotelier in terms of regulation 13; or
- (d) is, in the opinion of the board, not competent to perform satisfactorily the duties of an hotelier.

10.3 Wanneer die raad, nadat hy die aansoek en 'n verslag deur een of meer van sy inspekteurs oorweeg het, van mening is dat 'n hoër of laer gradering geregtig is moet hy sodanige hoër of laer gradering, na gelang van die geval, bepaal en moet die direkteur aan die hotelier 'n nuwe sertifikaat van registrasie in die vorm van Vorm HR 2 uitreik.

10.4 Die hotelier moet binne sewe dae na ontvangs van die nuwe sertifikaat van registrasie die vorige een aan die direkteur terugstuur.

#### *Versoek om heroorweging van besluit van die raad*

11. Elke versoek ingevolge artikel 22 (1) van die Wet om 'n heroorweging van 'n besluit van die raad, moet skriftelik, in tweevoud, aan die direkteur voorgelê word in die vorm van Vorm HR 6 vervat in die aanhangsel, tesame met die voorgeskrewe gelde ingevolge regulasie 20 (d), binne 30 dae nadat die raad se besluit bekendgemaak is.

#### *Appel na Minister*

12.1 Enige persoon wat ingevolge artikel 22 (3) van die Wet na die Minister appelleer teen 'n besluit wat die raad ingevolge artikel 22 (1) heroorweeg het moet binne 30 dae nadat hy van so 'n besluit verwittig is, by die direkteur 'n skriftelike kennisgewing van appel tesame met die voorgeskrewe gelde soos omskryf in regulasie 20 (e) in dien, asook die gronde van appel uiteensit.

12.2 So spoedig moontlik na ontvangs van die kennisgewing van appel vermeld in regulasie 12.1, moet die voorsitter van die raad 'n opgawe van die redes vir die raad se beslissing opstel om saam met alle verbandhebbende dokumente aan die Minister voorgelê te word.

12.3 Die direkteur moet die appellant skriftelik van die Minister se beslissing verwittig.

#### *Aansoek om registrasie as hotelier*

13.1 Elke aansoek om die registrasie van 'n hotelier ingevolge artikel 23 van die Wet moet binne 'n tydperk van drie maande na aanvaarding van diens deur sodanige hotelier, skriftelik, in tweevoud, aan die direkteur voorgelê word deur die persoon wat die hotelbesigheid dryf.

13.2 Die direkteur moet by die registrasie van 'n persoon as hotelier aan die persoon wat die hotelbesigheid dryf 'n sertifikaat van registrasie in die vorm van Vorm HR 8 vervat in die aanhangsel, uitreik.

13.3 Die sertifikaat van registrasie van die hotelier moet te alle tye by die hotel beskikbaar wees vir inspeksie.

#### *Spesiale diskwalifikasie van 'n persoon as hotelier*

14. Niemand mag as 'n hotelier geregistreer word nie as hy—

- (a) 'n ongerehabiliteerde insolvente persoon is;
- (b) binne 'n tydperk van vyf jaar voor die datum van sy aansoek ingevolge regulasie 13.1 skuldig bevind is aan 'n oortreding en gevonnissen is tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van meer as drie maande sonder die keuse van 'n boete;
- (c) binne 'n tydperk van ses maande voor die datum van sy aansoek ingevolge regulasie 13.1, skuldig bevind is aan 'n oortreding ingevolge die Wet of die regulasies terwyl hy as 'n hotelier geregistreer was ingevolge regulasie 13; of
- (d) na die mening van die raad onbevoeg is om die pligte van 'n hotelier uit te voer.

*Change of name of hotel*

15.1 The name of an hotel as indicated on a certificate issued in terms of regulation 7 shall not be changed without the written approval of the director.

15.2 Every application to change the name of an hotel shall be submitted to the director in the form of Form HR 4 contained in the annexure, accompanied by the fee prescribed by regulation 20 (f).

15.3 When the director approves of an application in terms of regulation 15.2 he shall issue to the hotelier a new certificate of registration in the form of Form HR 2 and the hotelier shall, within seven days of receipt thereof, return the previous one to the director.

*Change in number of bedrooms available to guests and structural alterations*

16. When, after an hotel has been graded, any change occurs in the total number of bedrooms or any structural alterations are made affecting the number of bedrooms or any minimum differential grading requirements in respect of such hotel, the hotelier shall, within 21 days of such change or alteration, inform the director in writing of the nature and extent thereof.

*Change of ownership, address and hotelier*

17. Whenever there is a change of—

- (a) the person who conducts the hotel business;
- (b) the permanent address of such person; or
- (c) the hotelier of an hotel;

the person who conducts the hotel business shall within a period of 14 days from such change give notice in writing thereof to the director.

*Brochures, pamphlets and booklets*

18. Within 21 days of receipt of a request to that effect the hotelier shall furnish the director with a copy of every brochure, pamphlet or booklet relating to the accommodation, meals and services of the hotel, issued by it or on its behalf to the public.

*Damaged, destroyed or lost plaque or certificate*

19.1 When, after receipt by the hotelier, a plaque issued in terms of regulation 9.1 is damaged, destroyed or lost, the hotelier shall within a period of seven days give notice in writing thereof to the director, accompanied by the fee prescribed in regulation 20 (g).

19.2 When a certificate issued by the director in terms of regulations 7, 10.3, 13.2 and 15.3 is damaged, destroyed or lost, the hotelier or the person who conducts the hotel business as the case may be, shall within a period of seven days apply to the director in the form of Form HR 9, accompanied by the fee prescribed in regulation 20 (g), for the replacement thereof.

19.3 The director shall after receipt of notification or application issue a new plaque or certificate, as the case may be, in replacement of the damaged, destroyed or lost plaque or certificate.

19.4 When a damaged plaque or certificate is replaced the hotelier or the person who conducts the hotel business, as the case may be, shall within seven days of receipt of the new plaque or certificate, return the old one to the director.

*Verandering van naam van 'n hotel*

15.1 Die naam van 'n hotel soos aangedui op 'n sertifikaat uitgereik ingevolge regulasie 7 mag nie sonder die skriftelike goedkeuring van die direkteur verander word nie.

15.2 Elke aansoek om die naam van 'n hotel te verander moet, in die vorm van Vorm HR 4 vervat in die aanhangsel, aan die direkteur voorgelê word tesame met die voorgeskrewe gelde ingevolge regulasie 20 (f).

15.3 Wanneer die direkteur 'n aansoek ingevolge regulasie 15.2 goedkeur moet hy 'n nuwe sertifikaat van registrasie in die vorm van Vorm HR 2 aan die betrokke hotelier uitreik en die hotelier moet binne sewe dae na ontvangs daarvan die vorige sertifikaat aan die direkteur terugstuur.

*Verandering in die getal slaapkamers beskikbaar vir gaste en strukturele verbouings*

16. Wanneer, nadat 'n hotel gegradeer is, enige verandering plaasvind in die totale getal slaapkamers of enige strukturele verbouings gedoen word wat die getal slaapkamers of enige minimum differensiële graderingsvereistes ten opsigte van so 'n hotel affekteer, moet die hotelier binne 21 dae na sodanige verandering of verbouing, die direkteur skriftelik verwittig van die aard en omvang daarvan.

*Verandering van eienaar, adres en hotelier*

17. Wanneer daar 'n verandering is van die—

- (a) persoon wat die hotelbesigheid dryf;
- (b) permanente adres van sodanige persoon;
- (c) hotelier van 'n hotel;

moet die persoon wat die hotelbesigheid dryf binne 'n tydperk van 14 dae vanaf sodanige verandering die direkteur skriftelik daarvan verwittig.

*Brosjures, pamflette en boekies*

18. Binne 21 dae na ontvangs van 'n versoek van die direkteur moet die hotelier 'n eksemplaar van elke brosjure, pamflet of boekie wat betrekking het op die huisvesting, spyseniering en dienste van 'n hotel en uitgereik deur of ten behoeve van daardie hotel uitgegee word aan die publiek, aan die direkteur verskaf.

*Beskadigde, vernietigde of verlore plaket of sertifikaat*

19.1 Wanneer 'n plaket, uitgereik ingevolge regulasie 9.1, beskadig, vernietig of verlore geraak het nadat dit deur die hotelier ontvang is, moet hy binne 'n tydperk van sewe dae aan die direkteur skriftelik kennis daarvan gee tesame met die voorgeskrewe gelde ingevolge regulasie 20 (g).

19.2 Wanneer 'n sertifikaat, uitgereik deur die direkteur ingevolge regulasies 7, 10.3, 13.2 en 15.3 beskadig, vernietig of verlore raak, moet die hotelier of die persoon wat die hotelbesigheid dryf, binne 'n tydperk van sewe dae 'n aansoek vir die vervanging daarvan aan die direkteur rig in die vorm van Vorm HR 9 vervat in die aanhangsel, tesame met die voorgeskrewe gelde ingevolge regulasie 20 (g).

19.3 Die direkteur moet na ontvangs van die kennisgewing of aansoek 'n nuwe plaket of sertifikaat, na gelang van die geval, ter vervanging van die beskadigde, vernietigde of verlore plaket of sertifikaat uitreik.

19.4 In die geval van 'n vervanging van 'n beskadigde plaket of sertifikaat moet die hotelier of die persoon wat die hotelbesigheid dryf, na gelang van die geval, binne sewe dae na ontvangs van die nuwe plaket of sertifikaat die ou een aan die direkteur terugstuur.



*Fees payable to the board*

20. The following fees shall be payable to the board:

- (a) Application for registration as an hotel in terms of regulation 5: R75.
- (b) Lease of plaque in terms of regulation 9.1: R30.
- (c) Application for the regrading of an hotel in terms of regulation 10.1: R75.
- (d) Request for a review of a decision of the board in terms of regulation 11: R100.
- (e) Appeal to the Minister in terms of regulation 12.1: R100.
- (f) Application to change the name of an hotel in terms of regulation 15.2: R30.
- (g) Replacement of damaged, destroyed or lost plaque or certificate in terms of regulations 19.1 and 19.2: R30.

*Levies payable to the board*

21.1 In terms of section 28 (1) of the Act the hotelier of any hotel which has been graded in terms of section 16 of the Act, shall pay to the board amounts by way of levies at the undermentioned rates calculated on 50 per cent of the total number of beds ordinarily available each night in every leviable bedroom in such hotel: Provided that in a family room a maximum of three beds shall be counted for purposes of the levy:

<i>Grading of hotel</i>	<i>Levy per bed per night</i>
One-star.....	3 cents.
Two-star.....	6 cents.
Three-star.....	9 cents.
Four-star.....	14 cents.
Five-star.....	18 cents.

21.2 In respect of every hotel graded by the board prior to the date of promulgation of these regulations, the number of beds, as amended from time to time, reflected in the application for the registration of such hotel, shall be deemed to be on the said date the total number of beds referred to in regulation 21.1.

21.3 The board shall, when grading an hotel in terms of section 16 of the Act, and the director may from time to time thereafter, determine the total number of beds referred to in regulation 21.1 and shall forthwith advise the hotelier of such determination: Provided that where the director so determines the number of beds, such new determination shall only take effect from the date thereof and shall be applicable for an indefinite period or for such specific period as he may determine.

21.4 The number of beds referred to in regulation 21.2 and in regulation 21.3, shall be the number of beds on which levies shall be calculated and be payable until such time as the director has in writing made another determination in terms of regulation 21.3.

21.5 The levies payable in terms of regulation 21.1 shall be paid by the hotelier to the office of the board in respect of the quarters ending 31 March, 30 June, 30 September and 31 December of each year within 21 days after the end of each quarter.

21.6 If an hotelier fails to pay the levies within the period specified in regulation 21.5, the director may, in writing, require such hotelier to make future payment of the levies which become due every quarter in advance, or that future payment thereof be underwritten by a guarantee given by a registered bank for such a period as may be determined by the director.

*Gelde betaalbaar aan die raad*

20. Die volgende gelde is aan die raad betaalbaar

- (a) Aansoek om registrasie as 'n hotel ingevolge regulasie 5: R75.
- (b) Huur van plaket ingevolge regulasie 9.1: R30.
- (c) Aansoek om die hergradering van 'n hotel ingevolge regulasie 10.1: R75.
- (d) Versoek om heroorweging van 'n besluit van die raad ingevolge regulasie 11: R100.
- (e) Appèl na die Minister ingevolge regulasie 12.1: R100.
- (f) Aansoek om die naam van 'n hotel te verander ingevolge regulasie 15.2: R30.
- (g) Vervanging van beskadigde, vernietigde of verlore plaket of sertifikaat ingevolge regulasies 19.1 en 19.2: R30.

*Heffings betaalbaar aan die raad*

21.1 Ingevolge artikel 28 (1) van die Wet moet die hotelier van 'n hotel wat gegradeer is ingevolge artikel 16 van die Wet, bedrae in die vorm van heffings teen die ondergemelde koers aan die raad betaal, bereken teen 50 persent van die totale getal beddens wat in die reël elke nag beskikbaar is in elke hefbare slaapkamer van sodanige hotel: Met dien verstande dat vir heffingsdoeleindes 'n maksimum van drie beddens in 'n gesinskamer getel moet word:

<i>Gradering van hotel</i>	<i>Heffing per bed per nag</i>
Een-ster.....	3 sent.
Twee-ster.....	6 sent.
Drie-ster.....	9 sent.
Vier-ster.....	14 sent.
Vyf-ster.....	18 sent.

21.2 Ten opsigte van elke hotel deur die raad gegradeer vóór die datum van inwerkingtreding van hierdie regulasies word die getal beddens aangetoon in die aansoek om registrasie van sodanige hotel, soos van tyd tot tyd gewysig, op genoemde datum geag die totale getal beddens te wees waarna in regulasie 21.1 verwys word.

21.3 Die raad moet wanneer 'n hotel gegradeer word ingevolge artikel 16 van die Wet, en die direkteur mag van tyd tot tyd daarna, die totale getal beddens, waarna verwys word in regulasie 21.1, vasstel en die hotelier moet onmiddellik van sodanige vasstelling in kennis gestel word: Met dien verstande dat waar die direkteur die getal beddens so vasstel, sodanige nuwe vasstelling slegs op die datum daarvan in werking tree en vir 'n onbepaalde of spesifieke tydperk soos deur hom vasgestel van krag bly.

21.4 Die getal beddens waarna in regulasies 21.2 en 21.3 verwys word, is die getal beddens waarop heffings bereken en betaal moet word tot tyd en wyl die direkteur skriftelik 'n ander vasstelling gedoen het ingevolge regulasie 21.3.

21.5 Die heffings betaalbaar ingevolge regulasie 21.1 moet deur die hotelier ten opsigte van die kwartale eindigende 31 Maart, 30 Junie, 30 September en 31 Desember van elke jaar, binne 21 dae na die end van elke kwartaal aan die kantoor van die raad betaal word.

21.6 Indien 'n hotelier versuim om die heffings binne die tydperk voorgeskryf in regulasie 21.5 te betaal, mag die direkteur die hotelier skriftelik aansê om toekomstige betaling van heffings soos dit elke kwartaal verskuldig word vooruit te betaal of dat toekomstige betaling daarvan onderskryf word deur 'n waarborg uitgereik deur 'n geregistreerde bank vir so 'n tydperk as wat die direkteur mag bepaal.



21.7 Each payment of levies shall be accompanied by a written notification of the name and address of the hotel and the quarter in respect of which payment is made.

### Penalties

#### 22. Any person who—

(a) submits any written information in connection with any application under the Act or regulations which he knows to be false or does not know to be true or submits any false document which purports to be but which is not, in fact, a true copy of the original, or is in any manner a party to any such submission; or

(b) contravenes or fails to comply with the provisions of regulations 9.2, 9.3, 9.4, 9.5, 9.6, 10.4, 13.1, 13.3, 15.1, 15.3, 16, 17, 18, 19.1, 19.2, 19.4, 21.1, 21.5, 21.6 or 21.7 shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

23. Government Notice 1734 dated 28 October 1966 is hereby withdrawn.

Form HR 1

### ANNEXURE

#### HOTELS ACT, 1965

#### APPLICATION FOR REGISTRATION AS AN HOTEL

Including particulars required for purposes of grading  
(To be submitted in duplicate)

The Director  
Hotel Board  
P.O. Box 26500  
0007, Arcadia

I hereby apply for the registration of the accommodation establishment, particulars of which are furnished hereunder.

The fee of R75 prescribed by regulation 20 (a) is enclosed.

I certify that to the best of my knowledge and belief, the information furnished in this application and the documents in support thereof are true and correct.

Place.....  
Date.....

Signature of applicant

### PART I

1. (a) Name under which accommodation establishment is conducted.....  
(b) Year(s) during which building was erected.....
2. Address where accommodation establishment is situated.....
3. Postal address.....
4. Magisterial district.....
5. State:.....  
(a) Name of person who conducts the hotel business.....  
(b) Permanent address in the Republic of the person mentioned in (a).....  
(c) If person who conducts the hotel business is a company, partnership or other association of persons state names and addresses of directors, partners or persons (excluding minority shareholders in public companies) who have a financial interest in the business.....  
(d) Name of owner of the land.....  
(e) Permanent address of owner of the land.....  
(f) Name of proposed hotelier.....
6. State whether the accommodation establishment caters for White, Asiatic, Coloured or Black persons.....
7. Has application previously been made for registration of the accommodation establishment concerned?.....
8. Enumerate hereunder the documents, if any, which are attached to this application.

21.7 Elke betaling van heffings moet vergesel wees van 'n skriftelike advies van die naam en adres van die hotel en die kwartaal ten opsigte waarvan betaling geskied.

### Strawwe

#### 22. Iemand wat—

